# R. NEL & H. DU TOIT (REDS.)

# ONS PELGRIMSTOG NA EENHEID OUR PILGRIMAGE TO UNITY.

2007. Departement Kerkgeskiedenis, Universiteit van Pretoria
ISBN 978-0-620-38614-2.

Hierdie publikasie het verskyn kort voor die aanvang van die Algemene Sinode waartydens belangrike besluite oor kerkeenheid geneem sou word. Weliswaar het die besluite wat geneem is, die N.G.Kerk onherroepelik op die pad van kerkeenheid geplaas, maar die publikasie bly steeds relevant vir die lang pad wat nog voorlê. Die bydrae van hierdie versamelde werk is dat die leser insae kry in die verskillende perspektiewe van verteenwoordigers van die deelnemende kerke aan die eenheidsproses.

Dit is duidelik dat al die skrywers dit eens is oor die noodsaaklikheid van kerkeenheid. Die proses wat reeds agterlê, getuig egter ook duidelik van seer, teleurstelling, vrese en hoop. Die vier kerke se narratiewe help ons om te verstaan dat ons met unieke historiese werklikhede te doen het. In hierdie verband is die lees van die onderskeie bydraes, wat tot ’n groot mate ’n beskrywing van die historiese verloop tot hiertoe uiteensit, besonder betekenisvol. Nie alleen beskryf dit die wroeging om tot hier te kom nie, maar die beskrywing laat ook blyk dat daar nog veel sal moet gebeur voordat die eenheidsproses goed op dreef is en konkrete gestaltes aanneem.

In hierdie verband toon Piet Naude se inleidende bydrae aan dat kerkeenheid in die Nuwe Testament enersyds ’n gegewene van die Heilige Gees was, maar dan ook weer nie so maklik en vanselfsprekend gestalte gekry het nie. Hieruit kan ons seker aflei dat die eenheidsproses vandag ook nie sonder moeite en inspanning voltooi sal kan word nie. Dit mag egter nie die roeping tot eenheid verongeluk nie.

’n Mens kan verwag dat die onderskeie bydraes van die deelnemende kerke perspektiwies van aard sal wees, maar dit is ook goed om kennis te neem van hoe elke deelnemende kerk voel en hoe die eenheidsproses gesien word. In retrospek kry ’n mens die gevoel dat die oorheersende klem op die Bybelse noodsaaklikheid en kontekstuele dringendheid van kerkeenheid geplaas word en dat daar doelbewus van die praktiese probleme, kerkregtelike en kubernetiese vrae rondom die proses weggeskram is. Johan Botha, wat die perspektief van die VGKSA aan die orde stel, verklaar in hierdie verband ’n uitdruklike intensie om nie op die kwelvrae te fokus nie, terwyl die bydrae van die NGKA baie duideliker aan die vrae, frustrasies en probleme rondom die proses aandag gee.

In die lig van die feit dat die beginsel van kerkvereniging reeds deur die vier deelnemende kerke aanvaar is, is dit jammer dat die publikasie benut is om dit wat reeds besluit is, te herbeklemtoon terwyl die belangrike en moeilike vraagstukke oor die praktiese implementering nogeens verswyg word. Hierdeur is die waarde van die publikasie tot 'n mate ingeperk. Nogtans word die boek aanbeveel omdat ons eenvoudig sal moet kennis neem van hoe die deelnemende kerke oor eenheid voel.

Die boek beslaan 157 bladsye en kos R55-00 (posgeld ingesluit) of R40-00 as dit direk gekoop word. Bestellings kan gerig word aan die sinodale kerkkantoor van die Sinode Hoëveld (Howard du Toit, p/a administrasie@ngk hoeveld.co.za).

Prof. Johan Janse van Rensburg,
Hoof: Departement Praktiese Teologie,
Universiteit van die Vrystaat,
Bloemfontein.